NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

14 Augustus 2020: Nr 24/2020

Warm nuus

Dag van Gebed: 16 Augustus

Gemeentes word weer eens opgeroep om eerskomende Sondag, **16 Augustus**, spesiaal tyd in te ruim vir gebed. Die tema is "*Hoe lank nog?"* en fokus op die Covid-19 pandemie en al die implikasies daarvan.
Kliek hier vir die voorgestelde liturgie. Dieter de Bruyn het dit opgestel en sluit 'n gebed van Neels Jackson in. Neels se gebed begin met die woorde:

"Here, deesdae as ons wil bid
dan voel dit asof ons agter ons maskers mompel,
want ons weet nie mooi wat om te sê nie.
Al wat ons kan vra, is:
Heer, ontferm U oor ons."

Begrafnisse tydens Covid-19

Donderdag ***20 Augustus*** 14:00-15:00 is daar 'n **gratis Zoom-gesprek** om inligting en wenke oor begrafnisse met mekaar te deel. 'n Begrafnisondernemer van Pretoria, Liesl Myburgh, eienaar van een van die Sonja Smith-takke, gaan ook deel wees van die gesprek.

Hier is die link as jy wil deelneem: https://zoom.us/j/99470168751

Kontak gerus vir Sandra van die Sinodehuis by 079 527 2684 indien jy dalk nog nie voorheen met Zoom gewerk het nie, of as jy enige ander navrae het.

Vroue in die geskiedenis

Augustus is ook bekend as vrouemaand. In die lig daarvan het **Andrew Kok,** bestuurder van die Argief van die NG Kerk, onderneem om artikels te skryf oor merkwaardige vroue wat 'n rol in die Kerk se geskiedenis gespeel het.
* **Kliek hier** om die eerste van drie bydraes te lees.

Covid-19: Dokumente

Vir vorige dokumente: **kliek hier**

Covid-19: Stories van Hoop

Ons wil graag in hierdie tyd verhale van hoop met mekaar deel. Gemeentes is welkom om stories van nie langer nie as 150 woorde en twee foto's vir Hermien te stuur by hermien@noordsin.co.za]

Lees hoe **NG Universiteitsoord,** HOOP bring vir die inwoners van **Harmoniepark** in hierdie tyd van inperking. **Kliek hier.**

Covid-19: Wenke

Ons wil graag in hierdie tyd handevat. Kom ons help mekaar met praktiese wenke. Stuur gerus jou wenk vir Hermien by hermien@noordsin.co.za.

Vir vorige wenke: **kliek hier**

Slyp jou Covid-beitels

❖ VBO-Forum

Hierdie is 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes. Hulle het in die afgelope tyd verskeie **aanlyn kursusse** aangebied wat steeds toeganklik is.

Navrae: *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of *Bridget Leibbrandt*, Communitas, 021 808 3624 / bleibbrandt@sun.ac.za

* Indien jy op die Hugenote Kollege se platform *geregistreer* is, sou jy die kursusse gratis kon volg.
* Indien jy 'n *nuwe registrasie* is moet jy asseblief jou *naam, van en epos-adres* aan hermien@noordsin.co.za deurstuur. Hierdie name sal 1x 'n week aan die Kollege gestuur word vir registrasie.

** Liturgie vir ongekarteerde tye – Cas Wepener*
** Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd – Jan-Albert van den Berg*
** Netwerke vir nou – Erwin Schwella*
** Teologie in die tyd van Covid-19 – Heerden van Niekerk*
** Nagedink oor God en lyding: Perspektiewe uit die OT – James Kirkpatrick*
** Covid-19 en die Ekonomie – Piet Naudé*
** Pandemies: 'n Historiese Perspektief – André Bartlett*
** Kerk en Covid-19 – Frederick Marais*
** Wanneer tuisbly nie veilig is nie (Gendergeweld) – André Bartlett*
** Gendergeweld en Covid-19 – Verskeie sprekers*
** In pas met die lewende God – Tom Smith e.a.*
** Depressie by jongmense – Johan Laten*
** Angry Much – James Kirkpatrick e.a.*

❖ Excelsus

Besoek: www.excelsus.org.za
Navrae: Rika van Rensburg [Sekretaresse; excelsus@up.ac.za; 012-420 6738]

Lentekonferensie: *14-18 September*

Die hoofsprekers by vanjaar se Lentekonferensie is:
**Leon Wessels*: Verleenthede kan geleenthede word.
**Kabous Meiring*: Slegs met huistrots kan ek jou innooi.
**Ivor Swartz*: Die kuns van verlies
Registreer nou! Kliek hier: https://forms.gle/kBGxBnYJtyBB2aL89.
Die brosjure vir die konferensie is nou beskikbaar en kan hier gelees word.
Navrae: Vir enige navrae kontak Rika by excelsus@up.ac.za

Sinvol besig na aftrede (3): *18-19 Augustus*

Aanlyn per Zoom
25 VBO-punte

Brugbediening

Die aanvanklike datums het geskuif na ***9-12 November en 22-25 Februarie 2021***. Kontak gerus vir Christoph Müller van Groenkloof by cm1882@gmail.com / 082 308 5795 as jy meer oor Brugbediening wil weet.

❖ EKerk: Aanlyn Leierskapskursus

Om in tawwe tye 'n leier te wees, kos van jou! Leierskap is oor die algemeen nie maklik nie, maar in tye soos nou is dit nog moeiliker.

Johan Smith & Stephan Joubert kuier vir ‘n oggend saam met jou. Hulle gee praktiese raad, deel waarhede uit die Woord en deel uit hul eie ervaring. Almal is welkom! Jy hoef nie net ‘n dominee of ‘n pastor te wees nie.
20 Augustus 10:00 – 12:00
R60 per persoon – **Skryf hier in!**
VBO punte beskikbaar vir die geleentheid.

Sinodenuus

❖ Tekslees met ‘n verskil

Datum: Dinsdag ***18 Augustus*** om 11:00
Skriflesing: *Eksodus 1:8 – 2:10*
Zoom uitnodiging:

Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

❖ Bevestiging van selfdegeslagverbintenisse

Kliek hier vir ‘n **skrywe & aansoekvorm** van Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode) aan alle gelegitimeerde predikante wat die opsie wil uitoefen.
* Die *aansoekvorm* moet so gou moontlik aan Sophia [sophiadk@ngkerk.org.za] besorg word.

❖ Pensioen

Kliek hier **vir ’n belangrike skrywe *aan alle werkgewers van die Predikante- en Amptenare Pensioenfondse oor die samesmelting van dié twee fondse.***
* Die skrywe bevat belangrike inligting oor die fooie (wat deur werkgewers benodig word om die premies korrek op die web te laai miv 1 September) asook die aankondiging dat die effektiewe datum van die samesmelting ***1 Oktober 2020*** sal plaasvind.

❖ Badseloop

Die **Gedenkblad van Badseloop Jeugkampterrein** het verskyn. Kom op ‘n reis deur die geskiedenis daarvan én sy mense, deel in die talle getuienisse van geestelike verryking oor 70 jaar, én verwonder jou aan sy voëls, bome en die raaisel van die warmwaterbron!
Navrae en bestellings: Willus Knipe [082 447 1297 of willus.knipe@gmail.com]
➢ Kliek hier vir die bestelvorm.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Jubeldiens: Kobus Gerber

‘n Jubeldiens om **Kobus** se lewe te vier vind DV ***23 Augustus*** om 10:00 op die kerkterrein van die NG Kerk Wakkerstroom plaas. Dit is ‘n inrydiens. 150 motors kan geakkommodeer word. George Angus sal die diens lei.

❖ In die hospitaal

Riaan Odendaal [Waterberg] herstel tans na ‘n knievervanging en onder omstandighede gaan dit goed met hom.

❖ Verjaarsdagwense

15/08 Christoph Müller [Groenkloof, 082 308 5795, cm1882@gmail.com]
16/08 Lizl-Louise Schoeman [Monumentpark, 083 283 8440, lizl-louise@ngkmp.co.za]
JP Lessing [Emeritus, 083 381 7742, jp@cstream.co.za]
Gerhard Mahne [Emeritus, 082 478 3590, gerhard.mahne@gmail.com]
17/08 Dini Smit [Tuinrand, 072 321 0131, dinismit100@gmail.com]
Bernice Serfontein [Waterkloof, 083 417 5133, Bernice.serfontein@gmail.com]
18/08 Johan van Zittert [Emeritus, 083 263 4469, jvzittert@gmail.com]
20/08 Bootha, Corné [Magalieskruin, 082 786 4834, priester79@gmail.com]
21/08 Yvette Bosman [Villieria, 072 046 8780, yvetteb2108@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ Universiteitsoord 60 jaar

Die gewone *Kaskarfees* moes ongelukkig plek maak vir ‘n fees wat by die Corona-reëls hou.

- Hulle verkoop egter steeds **vars vrugte** uit Limpopo: Weeksdae van *13 – 20 Augustus* tussen 10:00-12:00.
- Op *29 Augustus* hou hulle ‘n unieke **“Skarrejag”** – ‘n skattejag , maar jy gebruik jou kar.
- Daar is ook nog tyd om fiks te word vir die **RoadTrip Run** op *3 Oktober*. Elkeen hardloop waar hy of sy is.

Gaan kyk by **www.universiteitsoord.co.za** vir meer inligting.

Ander nuus

❖ Bybel-Media

***Hierdie week word daar gefokus op die **Jeug**. **[Kliek hier] – Daar is die afgelope jaar 3 nuwe jeugprodukte ontwikkel en gepubliseer.** Kategeseprodukte word tans hersien, die eerste vier katalogi is reeds beskikbaar – kliek op die skakels om daardeur te blaai;
*Lees ook meer oor die artikels in die nuutste **Kerkbode** van 14 Augustus; **LiG se aanlyn-lesersdag** met Leah, Susan Coetzer, Hykie Berg en Helena Hugo op *21 Oktober*. Bespreek nou jou kaartjies!
*Inligting, Navrae en Diensverskaffing: Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210 óf stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za

Dagbeplanners 2021: *Struik Christian Media* spog met pragtige 2021-dagbeplanners van welbekende skrywers soos Nina Smit, Joyce Meyer en John C Maxwell. Daar is ook Algemene Christelike Leefstyl Dagbeplanners en Skooldagboeke vir seuns en meisies om van te kies. **Kliek hier** en blaai gerus deur ons Dagbeplanner katalogus om jou keuse te maak.
*Bestellings kan ook by bestel@bmedia.co.za of telefonies by 021 864 8211 geplaas word.

Naskrif

Daar word dikwels na *14 Augustus* verwys as die verjaarsdag van die Afrikaanse Taal.